UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

# e-Matieland

SOMER 2016 • #1



## VANUIT DIE ALUMNI-KANTOOR

Daar is duisende nuwe studente op kampus wat gretig is om die geleenthede van 2016 aan te gryp. Terwyl ons die nuwelinge aan die begin van hulle akademiese reis verwelkom, sê ons ook in Maart totsiens aan 'n nuwe kohort gegradueerdes. Hierdie Maties demonstreer ons leuse "'n goeie opvoeding versterk die gees".

Toegang tot finansiering vir hoër onderwys bly deel van die huidige diskoers in Suid-Afrika. Verskillende inisiatiewe is tans op kampus aan die gang om te verseker dat ons almal 'n bydrae lewer om die volgende generasie Maties te ondersteun.

Die #RegisterALL-veldtog is een voorbeeld van 'n inisiatief déúr Maties vír Maties ten bate van ons toekomstige beroepslui. Daar is vele maniere waarop alumni kan teruggee - ons sien daarna uit om maniere te kry waarop ons kan saamwerk om ons gemeenskaplike doelwitte vir ons alma mater te bereik.

Ons is baie bly om alle alumni in Matieland terug te verwelkom vir ons heel eerste Tuiskoms-naweek van 4 tot 7 Maart 2016. Gaan na www.matiesalumni.com vir al die besonderhede. So, kom geniet die Tuiskoms-naweek saam met ons en wys ons jou bloed is steeds maroen. Altyd 'n Matie!

# NUUSFLITSE

## Navorser met top-wetenskapsprys vereer

Prof Umezuruike Linus Opara het een van die Afrika Unie (AU) se grootste eerbewyse ontvang. Die AU Kwame Nkrumah Kontinentwye Wetenskapstoekenning vir senior navorsers is by die afsluiting van die AU-beraad in Ethiopië aan dié landbou-ingenieur en kenner oor aspekte rondom na-oes tegnologie oorhandig.

Prof Opara, bekleër van die DWT-NNS Suid-Afrikaanse Navorsingsleerstoel in Na-oes Tegnologie, is 'n uitgelese professor in die US Departement Hortologie. Sy navorsingspan



werk oor vele disciplines heen. Hulle word gereken as die mees toonaangewende groep navorsers wat betref die bestudering en ontwikkeling van maniere om die na-oes hantering, verpakking en bemarking van granate te verbeter.

## 'Eerlike, oop gesprekke nodig'

Kom ons neem die tyd om na mekaar te luister, om eerlik en openlik met mekaar te praat, en om saam te werk om die US vorentoe te vat. Dit was die boodskap aan meer as 'n 1 000 voormalige Maties wat die jaarlikse vergadering van die US se Konvokasie in Januarie bygewoon het. Sprekers by die vergadering was die bekende digter en skrywer, Breyten Breytenbach, US-alumna, Lovelyn Nwadeyi en Rektor en Visekanselier, prof Wim de Villiers.

VIDEOS:

Lovelyn Nwadeyi

Breyten Breytenbach

Prof Wim de Villiers







## US kenners ontvang A-graderings





'n Spesialis in sagteware-ontwikkeling, prof Willem Visser, en prof Mark Cotton, 'n spesialis op die gebied van pediatriese infeksiesiektes, het albei 'n A-gradering van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) ontvang. A-graderings word toegeken aan navorsers wat onomwonde deur hul eweknieë as leidinggewende internasionale navorsers in hul vakgebied erken word vir die uitstaande gehalte en impak van hul navorsing.

Prof Visser is slegs die tweede rekenaarwetenskaplike in Suid-Afrika om 'n A-gradering te ontvang.

Prof Cotton is die vierde navorser van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe om die gesogte A-gradering te ontvang. Hy is die Direkteur van die Kinder-infeksiesiektes Kliniese Navorsingseenheid by die FGGW en Tygerberg-kinderhospitaal.

## Gebeure

**4 - 7 Maart**
**Maties Tuiskoms-naweek**
Kontak: alumni@sun.ac.za
Web:
http://www.matiesalumni.com

**4 - 13 Maart**
**US Woordfees**
Kontak:
Tel: 021 886 5036
E-pos: woord@sun.ac.za
Web: http://www.sun.ac.za/afrikaans/woordfees

**5 - 6 April**
**Beleggingseminaar STIAS**
Kontak: wjc@sun.ac.za

# NUUSFLITSE

## #RegisterALL-inisiatief help met studiefooie

Die Studentraad (SR) het 'n inisiatief geloods om geldelike ondersteuning te bied aan studente, wat vir studies by die Universiteit aanvaar is, maar nie die aanvanklike studiegelde kan bekostig nie. Die #RegisterALL-fonds is van vrywillige donasies afhanklik en die SR doen 'n beroep op die Maties-gemeenskap en die publiek om tot dié fonds by te dra. SR-ondervoorsitter, James de Villiers, sê die #RegisterALL-inisiatief is 'n manier vir US-studente om seker te maak dat geen student weens geldnood verhoed sal word om aan die US te studeer nie. "Die kwessie van duur registrasiefooie is nie net op US van toepassing nie, maar ook die land in geheel. Met dié inisiatief sê ons ons is bereid om deel van die oplossing te wees. Jou bydrae kan 'n verskil maak en ons help om elke student te registreer."

**#RegisterALL**
#AccessToALL

Die bestuur van die US ondersteun die inisiatief. Die Universiteit se ondersteuning vir die inisiatief is bo en behalwe die finansiële ondersteuning wat reeds aan studente gebied word. In 2016 gaan die Universiteit nagenoeg R650 miljoen in beurse uitbetaal.

**Wil jy graag help?**
Standard Bank
Universiteit Stellenbosch
Rekeningnommer: 073 006 955
Takkode: 050610
Verwysing: RegisterALL - H494

Kliek hier vir video

## Sukses vir 2015 HOPE@Maties-leerders

Agt leerders op die Wes-Kaapse Onderwysdepartement se merietelys en vyf leerders op die top20-lys van die Noord-Kaap se Onderwysdepartement was in 2015 deel van die HOPE@Maties-program. Ongeveer 'n derde van die groep het onderskeidings in Wiskunde en Fisiese Wetenskappe ontvang en amper die helfte het onderskeidings in Rekeningkunde ontvang. In 2015 het altesame 245 leerders hierdie program by ses sentrums in die Wes-Kaap bygewoon. Die 110 leerders van die Noord-Kaap het almal in Kimberley bymekaargekom. Deur hierdie universiteitvoorbereidingsprogram, wat deur SUNSEP in die Fakulteit Opvoedkunde aangebied word, kry leerders in hul Graad 12-jaar bykomende onderrig in spesifieke vakke.

Op die web

*021 808 3483/2274*



## Professor vereer vir TB werk




Prof Robert Gie, 'n uitgelese professor in Pediatrie en Kinder gesondheid, is vereer met die Prinses Chichibu Internasionale Tuberkulose (TB) gedenktoekenning vir 2015 ter erkenning van sy internasionale werk oor kinder-tuberkulose. Hierdie jaarlikse toekenning word gedoen deur Japan se Anti-TB Vereniging, in samewerking met die International Union Against Tuberculosis and Lung Disease. Dit word toegeken aan iemand wat merkwaardig presteer in die internasionale stryd teen TB.

**Het jy geweet?**

Volgens die WGO sterf 140 000 kinders jaarliks aan TB, 'n siekte wat genees kan word.

In Suid-Afrika is 40 000 gevalle van kindertuberkulose in 2013 aangemeld.

# NUUSFLITSE

## Op julle merke, gereed, swot!

Sedert hy sy graad in 2012 verwerf het, het alumnus Nicholas Pereira met rasse skrede in sy loopbaan vorentoe gegaan. Pereira, wat as 'n fisioterapeut gegradueer het, bly in Pietermaritzburg waar hy praktiseer by EAP Active en die plaaslike PSL sokkerklub, Maritzburg United.
In 2015 is hy aangewys as die hoof-fisioterapeut vir Bafana Bafana vir 'n Afrika-nasies Kampioenskap-kwalifiseerder.
Dieselfde jaar is hy deur die Suid-Afrikaanse Hokkievereniging aangestel as die hoof-fisioterapeut vir die Mans se binnehuise hokkiespan wat aan die Federation of International Hockey Indoor World Cup in Duitsland deelgeneem het. Pereira is ook die hoof-fisioterapeut vir die Suid-Afrikaanse Mans-onder 21-hokkiespan wat in Maart aan die Afrika-kwalifiserende rondtes gaan deelneem en dan in Desember aan die Wêreldbeker.

"Ek is verskriklik dankbaar vir die geleenthede.
Baie van my prestasies tot hiertoe in my loopbaan kan ek toeskryf aan die steun van my familie en vriende, aan harde werk en opoffering, en aan die vaardighede wat ek as voorgraadse student by die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe geleer het."



## Beurse vir nagraadse studente

Beurse, befonds deur Schroders se Multi-asset Investments and Portfolio Solutions (MAPS)-afdeling, is in 2016 aan vyf nagraadse studente in die Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap toegeken. Schroders is 'n wêreldwye batebestuurs-maatskappy wat ontwikkel is onder stabiele eienaarskap vir meer as 200 jaar. Dit is een van die grootste onafhanklike beleggingsbestuurfirmas genoteer op die Londen Aandelebeurs.
Vanaf 2017 sal Schroders en individuele donateurs:

- 40 volle nagraadse beurse vir 'n tydperk van twee jaar verskaf aan studente in die Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap, sowel as in die breër Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, met voorkeur aan kandidate uit benadeelde agtergronde;
- Twintig R20 000-toekennings aanbied vir die beste navorsings-voorstelle in finansies;
- gesamentlike navorsingsprojekte oor nuwe onderwerpe, sowel as verdere navorsing oor bestaande MAPS-artikels ondersteun;
- 'n beleggingsforum vir studente gemik op debat oor tendense in beleggingsbestuur daarstel; en
- 'n jaarlikse hoëprofiel-beleggingseminaar met bydraes van internasionale kenners befonds.

## Verkiesing van US Raadslede

Lede van die Konvokasie is in kennis gestel dat, weens die verstryking van die ampstermyne van dr JP (Koos) Bekker, prof DP (Prieur) du Plessis en mnr PJ (Piet) le Roux, wat deur die Konvokasie tot lede van die Universiteitsraad verkies is vir die termyn 2 April 2012 tot 1 April 2016, daar drie vakatures in die Raad ontstaan het. Die vierde vakature wat intussen ontstaan het, as gevolg van die bedanking van dr GC (George) du Toit, wat deur die Konvokasie vir die termyn 02 April 2014 tot 01 April 2018, tot lid van die Universiteitsraad verkies was, sal na afloop van hierdie verkiesing hanteer en gevul word.

Lede van die Konvokasie is versoek om nominasies vir die vulling van die drie (3) vakatures voor te lê. Aangesien daar meer as drie kandidate genomineer is, word daar 'n verkiesing gehou.


•Hoe om te stem:

# 'n Goeie dosis inspirasie

*Sowat 5020 Maties is vir hul harde werk met grade en diplomas beloon by die US se Desember-gradeplegtighede, waaronder uitstaande presteerders wat gewys het dat volharding die sleutel tot sukses is.*



Dis danksy haar grootwordjare omring deur die Paarl se wingerde en haar nuuskierigheid oor die bewoording agterop wynbotteletikette dat **dr Erna Blancquaert** 'n loopbaan in die wynbedryf gevolg het. Dié besluit het haar sedertdien 'n pionierspad laat stap. En toe sy in Desember haar PhD Wingerdkunde-graad ontvang, het sy die eerste swart persoon in SA geword om dié kwalifikasie te behaal.



**Elna Dürr,** 'n gesiggestremde lid van die Maties Parasportklub, het haar studies met behulp van rekenaarsagteware en braille voltooi en haar meestersgraad in sielkunde behaal. Sy het ook daarin geslaag om haar doelwitte vir die atletiekseisoen te bereik en in sekere gevalle selfs te oortref. Dürr het die Suid-Afrikaanse 100 m-rekord (T12) gebreek, en haar persoonlike beste tye in sowel die 100 m en 200 m verbeter.



Vir **Regina Bessick** van Delft op die Kaapse Vlakte is haar Magister Divinitatis graad 'n bewys dat waar daar 'n wil is, is daar 'n weg. Die 50-jarige ma en ouma het onder groot finansiële druk haar kwalifikasies behaal. Sy was onder meer 'n huishulp, kassier, pakker en selfs 'n sekuriteitswag en sê sy glo vas dat aanhouers wen.



**Jevonn Cloete** van Rooifontein in Namakwaland, het sy B.Ed-graad met lof ontvang. Met sy pa as taxi bestuurder en sy ma as huishulp, het Jevonn by tye gedink dat 'n graad hom nie beskore is nie. Maar aan die einde van laerskool het weldoeners, mnr Helmut en dr Maryna Kohrs, aangebied om hom finansieel by te staan. Die Kohrs-egpaar het hom toe ook aan ander weldoeners voorgestel, wat op die einde almal bygedra het tot die voltooiïng van sy studies.



Drie stelle tweelinge het hul MB, ChB kwalifikasies ontvang. Die **Ganya-tweeling, Wanele en Wandile**, is deel van 'n gesin van ses kinders en moes oorleef op hul ma se karige salaris as huishulp. In hul matriekjaar moes Wandile dikwels sorg vir sy tweeling, wat op daardie stadium TB gehad het. Die **Neethling-tweeling, Manya en Gys**, se familie het 'n noue verbintenis met medies en die US. Hulle ouers en ouer broer en suster, óók 'n tweeling, het almal hulle studentejare op die Tygerberg-kampus deurgebring terwyl die **Kemp-tweeling, Anika en Janika**, eerste-generasie Maties is.

Kliek hier vir die video

# Fotogallery



'n Vleiland rehabilitasie projek by Rietenbosch Primêre Skool, gelei deur prof Chris Reddy, is op koers om meer as 20 000 leerders in en rondom Stellenbosch te bevoordeel. Hier is prof Reddy, Rietenbosch skoolhoof mnr Roy van Rooyen en prof Nico Koopman, Waarnemde Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie & Personeel, by die vleiland-gebied. *(Foto: Stefan Els)*



Leerders van die Stellenbosch-gemeenskap het onlangs die geleentheid gehad om meer te leer oor die mediabedryf tydens 'n weeklange opleidingsessie wat deur die US se kampus radiostasie MFM aangebied is. *(Foto: Verskaf)*



Twee graduandi van die MB,ChB-klas van 2013 – dr Jonas Bovijn en dr Kristen Rowe – is gekies as Rhodes-beurshouers vir 2016. Hierdie gesogte toekennings word gemaak aan studente wat op verskeie vlakke presteer en beurshouers kan nagraadse kursusse aan Oxford Universiteit volg. *(Foto: Verskaf)*



Alumnus Marlo Minnaar was onlangs op die verhoog van die Baxter-teater te sien in die bekroonde eenmanstuk Santa Gamka. Die teaterstuk is gebaseer op die gelyknamige roman van Eben Venter, en is self deur Minnaar in 'n toneelstuk omskep. Hy is ook die vervaardiger.




Die digter en dramaturg, prof Adam Small; die ruimtewetenskaplike, dr Japie van Zyl; die akademikus en regter van die Konstitusionele Hof, Edwin Cameron; en die kampvegter vir vroueregte en ook regter van die Konstitusionele Hof, Kate O'Regan, is met eregrade vereer. *(Foto: Stefan Els)*

# Sy **lewe** haar geesdrif

*US-alumna en wynmaker Nomonde Kubheka het 'n passie vir wynmaak en die onderrig van jongmense. Sy is ook passievol daaroor om 'n positiewe impak te maak. En dit is presies wat sy as 'n fasiliteerder vir die Pinotage Jeugontwikkelingsakademie doen.*





### Vertel ons iets oor jouself.

Ek is gebore en grootgemaak in Soweto, maar aan die einde van 1995 het my familie Kaapstad toe getrek. In 1996 het ek matriek geskryf en die grootste deel van die jaar daarna net by die huis rondgesit. Ek het nog nie besluit wat ek wou studeer nie, so ek het eers gewag. My pa het toe vir 'n besigheid gewerk wat vlekvryestaaltenks vir die wynbedryf maak. Hy het gehoor van die US se wynmaakprogram en gedink dis nogal cool. Ek het saamgestem, en omdat ek nie nog 'n jaar wou mors nie, het ek dadelik daarvoor ingeskryf.

Ek het die BScAgric (Wingerd- en Wynkunde)-program voltooi en ek is vandag 'n opgeleide wynmaker. Tydens my eerste jaar op universiteit het ek 'n beurs van KWV gekry. Ons ooreenkoms was dat ek vir hulle sou gaan werk nadat ek klaar gestudeer het. Ek het vir 10 jaar daar gewerk en rooiwyne saam met 'n fantastiese span mense gemaak. 'n Paar jaar gelede het ek besluit om my loopbaanrigting te verander. Ek wou meer betrokke raak by wynonderwys/-opleiding omdat ek baie hou daarvan om mense te help ontwikkel en ook boonop van wyn – hierdie nuwe rigting het dus baie goed by my gepas.

### Wat onthou jy van jou tyd as 'n student?

Ek sal Stellenbosch altyd onthou as die plek wat my oë vir die wêreld om my oopgemaak het en so my siening van die wêreld verbreed het. Ek het mense van verskillende dele van die land ontmoet, en ook mense van ander lande. Dit is by Stellenbosch waar ek lewenslange vriendskapbande gesmee het, bietjie partytjie gehou het, my oorgang van tiener na grootmens plaasgevind het en ek baie hard gestudeer het! Die US is waar ek die Afrikaanse taal en kultuur behoorlik geleer het – om bloot Afrikaans as 'n skoolvak te gehad het, was onvoldoende. Ek het baie aangename herinneringe van my studentedae.

### Wat of wie inspireer jou?

Daar is nie net een spesifieke persoon wat my inspireer nie. Ek voel geïnspireer deur alle mense met durf en taaiheid wat volhou deur swaar tye, dan bo uitkom en steeds met hulle voete plat op die aarde staan. Ek voel geïnspireer deur mense wat uit hulle pad uitgaan om ander te ondersteun en op te hef omdat hulle dit kan doen. Daar is baie sulke mense in ons land en hulle help om my te herinner dat ek beter kan doen, dat ons almal aan mekaar verbind is. Ons is net dele van 'n groter geheel en ons kan 'n positiewe impak op die wêreld om ons maak.

### Vertel ons van jou werk met jongmense.

Ek werk as 'n vryskutfasiliteerder vir die Pinotage Jeugontwikkelingsakademie (Pinotage Youth Development Academy of PYDA) wat in Stellenbosch geleë is. Die Akademie se hoofdoel is om skerp en talentvolle benadeelde jongmense wat in die Kaapse Wynland bly te help om indiensneembare vaardighede te ontwikkel sodat hulle toegang tot werk in die wynbedryf en verwante sektore kan verkry.

Die studente kry pasgemaakte kortkursusse in wynmaak deur hulle twaalfmaandprogram by die Akademie. Ek doen fasilitering saam met 'n paar dosente. Dit is wonderlik om te sien hoe die studente groei en floreer in kort tydperk. Ek voel altyd so trots wanneer ek die gegradueerdes in hulle onderskeie werkplekke raakloop en kan sien dat die PYDA se doelwit verwesenlik is.

### Wat is jou planne vir die toekoms?

Ek werk daaraan om my planne te verfyn. Wat ek wel weet is dat my planne (sal) fokus daarop om met verskillende individue en organisasies in die wynbedryf bande te smee en saam te werk in 'n poging om mensekapasiteit te versterk en verder te ontwikkel. Ek is gefokus op verhoudings en ek hoop om saam te werk met eendersdenkende mense wat soortgelyke doelwitte as ek het.




# WELKOM TERUG BY MATIELAND

Vier kampuslewe op ‘n gans nuwe manier met ‘n hele groep Maties. Kom weer in verbinding met jou klas- en koshuismaats van destyds. Hou partytjie asof dit die Tagtig- (of Sewentig- of Sestig-, Vyftig- ... of Negentigerjare is!) ‘n Hele rits restaurante en feesviersones staan reg vir jou tuiskoms. Bolandgasvryheid is ‘n gegewe! Kry ‘n kultuurinspuiting by die Woordfees, steel ‘n klapsoen in die Laan, gaan op ‘n kampustoer, toets jou fiksheidsvlakke in die straatmyl, juig vir ‘n ongelooflike agterlynbeweging by ‘n Varsity Cup-wedstryd, neem deel aan die gesprek wat heers oor Matieland se toekoms, loop jou ou prof raak, skakel in by die jongste idees op kampus – en dan is daar natuurlik al wat musiekuitvoering is: jazz, pop, orrelkonserte – en nog meer! Dit gaan beslis ‘n wonderlike naweek wees. Dis sonder twyfel 2016 se hoogtepunt. So stof daai maroen af!

## PROGRAM

### Universiteit Stellenbosch-program

Matieland gaan nie terugstaan nie! Ons Bolandse mandjie loop eintlik oor van als wat die Tuisoms-naweek aanbied.

KYK PROGRAM

### Woordfeesprogram

Daar is meer as 120 Woordfees-produksies om van te kies en te keur! Ons het al die groot name, nuwe gesigte en genoeg om oor te gesels.

KYK PROGRAM

### Koshuisprogram

Elke koshuis behartig sy eie program – in eie styl. Stof dus daai ou koshuisfoto’s af om die bal aan die rol te sit. Baie van jou kennise van destyds gaan opdaag. Dalk ook daai maltrap HK!

KYK PROGRAM

# Tegnologie **maak deure oop** vir samewerking en kapasiteitbou

'n Kapasiteitsbouprojek wat met die Universiteit Stellenbosch (US) se Fakulteit Agriwetenskappe verbind word en deur die Europese Unie gefinansier word, het die weg gebaan vir die US se Sentrum vir Leertegnologieë om sy voetspoor na Uganda en Kenia uit te brei.

As deel van die PASUFONS-projek is twee telematiese leersentrums by die Makerere Universiteit in Uganda en die Jomo Kenyatta Universiteit vir Landbou en Tegnologie in Kenia geopen. Hierdie historiese gebeurtenis is in Februarie vanjaar gevier met 'n regstreekse interaktiewe satelliet-uitsending vanuit Stellenbosch na hierdie sentrums in Kampala en Nairobi.

Die PASUFONS-projek is 'n samewerkingsprojek wat deur die Europese Unie onder die ACP-EU EDULINK II-program gefinansier word. Dit word gekoördineer deur prof John Muyonga by Makerere Universiteit, prof Marena Manley by die US en dr Arnold Onyango by Jomo Kenyatta Universiteit vir Landbou en Tegnologie. Die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Voedselwetenskap en Tegnologie en die Streeksforum vir Kapasiteitbou in Landbou is medevennote.

Die beweegrede agter die PASUFONS-projek lê daarin dat die meeste Afrikalande se ekonomieë hoofsaaklik op landbou berus. Ten spyte hiervan heers daar voedselonsekerheid en wanvoeding op die kontinent. Universiteite kan bydra tot die verligting van voedsel- en voedingonsekerheid deur belangrike navorsing en graduandi met die nodige vaardighede te lewer.

Die projek beoog om: voedsel- en voedingswetenskapopleiding en -navorsing by universiteite in Oos- en Suider-Afrika op te skerp; die bydrae deur voedsel- en voedingswetenskapdepartemente aan universiteite te verhoog om die kontemporêre menslikehulpbron- en navorsingsbehoeftes van die voedsel-, voeding- en landbousektore te kan aanspreek; en die samewerking tussen deelnemende instansies te bevorder om die uitruil van inligting en die deel van opleiding- en navorsingshulpbronne aan te moedig.

Die gebruik van die telematiese platform sal die uitruil van inligting bevorder en een van die beoogde aktiwiteite sal behels dat kundiges in die veld lesings regstreeks na die drie leersentrums uitsaai.

- *Meer inligting oor die PASUFONS-projek www.pasufons.org.*




Mense kyk na die regstreekse uitsending in die Sentrum vir Leertegnologieë op die Stellenbosch-kampus. (Foto: Anton Jordaan)



Agter die skerms... (Foto: Anton Jordaan)

# 241 redes om te skenk

By die Universiteit Stellenbosch glo ons in die voorsiening van 'n wêreld van geleenthede vir alle mense, ongeag hul agtergrond en ervarings. Vir baie Maties begin en eindig hierdie wêreld met hul vermoë om studiegeld, verblyf en hul daaglikse uitgawes te kan bekostig.

Ons het 241 behoeftige studente met geen bron van befondsing vir 2016 nie. Almal van hulle kwalifiseer op akademiese gronde, maar kan dit nie bekostig om te studeer in 2016 nie. Sonder ondersteuning voorspel ons dat 30% van hulle hul studies sal opskop voor die einde van hierdie jaar, en dat 'n verdere 20% hierdie instansie voor die voltooiing van hul graad sal verlaat.

## Die verskil wat jy kan maak:

- R100 = 5 maaltye in die Neelsie
- R1 000 = 9 nagte se verblyf in 'n koshuis
- R10 000 = kursusgelde vir 3 maande
- R100 000 = 'n volle beurs vir 'n behoeftige student vir een jaar

**Klik hier**

vir direkte deposito en elektroniese inbetalings-besonderhede.




**Alumni Kantoor**

**Victoriastraat, Admin B, 3de Vloer**

+27 21 808 9266

+27 86 611 0138

Stellenbosch University Alumni (Maties) and Friends

www.facebook.com/stellenboschalumni

www.twitter.com/SU_Alumni

YouTube

alumni@sun.ac.za

www.sun.ac.za/afrikaans/alumni